OB7'10
18 Februarie 2010

Geagte Ouers

1) Onderriggeld 2010

1 kind	= R400 p/mnd oor 10 maande	=	R4000 per jaar
2 kinders	= R720 p/mnd oor 10 maande	=	R7200 per jaar
3 kinders	= R950 p/mnd oor 10 maande	=	R9500 per jaar

- Bogenoemde bedrae sluit registrasiegelde uit.

BAIE BELANGRIK:

- Maandelikse betaling

Die betalings geskied oor 10 maande vanaf Februarie tot November. Die maandelikse betalings is vooruitbetaalbaar vir die maand voor of op die 7de van elke maand.

Ons herinner u aan die getroue betaling van onderriggeld. Ouers hierdie afdeling **moet** 'n **eerste prioriteit** op u prioriteitslys wees om sodoende vir u kind(ers) die beste Opvoeding en Onderwys te verseker. U kind lê vir die Personeel en Beheerliggaam na aan die hart en daarom staan ons bekend as **die skool vir die kind.**

- Betaalwyses:

Kredietkaart:

Die skool beskik nie tans oor die fasiliteit nie, maar indien u wel van u kredietkaart begrotingsrekening wil gebruik maak, moet u as volg te werk gaan-

- Besoek u bank en tref volgende reëling: Uitreiking van 'n tjek ten bate van die skool teen u begrotingsrekening vir afbetaling teen 'n termyn soos deur u verkies.

Debietorder: Vorms is by die skool (finansiële kantoor) beskikbaar. Die vorm is ook op die skool se webtuiste beskikbaar indien benodig.

Internet betalings: Dieselfde soos vir 'n debietorder/aftrekorder.

- Direkte inbetalings: Die bankbesonderhede van Laerskool A.G. Visser indien u sou verkies om 'n direkte betaling te doen is as volg:

ABSA
Takno. 334143
Rekno. 01016440759
Verwysingsnr: (Hier vul u die rekeningnr. wat op u staat aangedui word in en/of u kind se naam en van)

* Faks strokie na skool.

2. Aansoeke: Gedeeltelike- / Volle vrystelling

Om moontlik vir gedeeltelike/volle vrystelling (nie inskrywingsgeld nie) te kwalifiseer moet u voldoen aan die volgende vereistes:

2.1 Vir volle vrystelling

a) Indien die gesamentlike jaarlikse bruto inkomste van die ouers minder as 10 maal (10x) die jaarlikse skoolgelde per leerder is, kwalifiseer die ouer vir volle vrystelling.

b) 'n Ouer wat na 'n leerder omsien in 'n pleegsorghuis, pleegsorg of 'n plek van veiligheid, kwalifiseer vir volle vrystelling.

2.2 **<u>Vir gedeeltelike vrystelling</u>**

Indien die jaarlikse gesamentlike bruto inkomste van die ouers minder as 30 maal (30x), maar meer as 10 maal (10x) die jaarlikse skoolgelde per leerder is, kwalifiseer die ouer vir gedeeltelike vrystelling.

2.3 **<u>Geen vrystelling</u>**

Indien die gesamentlike jaarlikse bruto inkomste van die ouers meer as 30 maal (30x) dié van die skoolgeld per leerder is, kwalifiseer die ouer nie vir vrystelling nie.

2.4 **<u>Aansoek prosedure</u>**

'n Aansoekvorm vir vrystelling of gedeeltelike vrystelling is by Me. Hermien Grieb (invorderaar) by die skool beskikbaar.

** Die aansoekvorm moet vergesel wees van bewys van salarisse asook alle dokumente / skrywes soos versoek.

** Ouers word nog geleentheid gegee tot **<u>Vrydag 26 Februarie 2010</u>** om aansoeke in te dien.

** Ouers wat aansoek doen vir gedeeltelike/volle vrystelling bly verantwoordelik vir die volle bedrag van die onderriggeld tot en met die uitslag na u gekommunikeer is. Al het u verlede jaar (2009) aansoek gedoen en dit was toegeken moet u weer vir 2010 aansoek doen.

** **<u>Aansoekvorms moet by Me. Hermien Grieb ingehandig word. Geen aansoeke sal na genoemde datum oorweeg word nie.</u>**

Ons vertrou op u samewerking in die verband.

Vissiegroete.

_____

J.S. Roothman
Prinsipaal

BETALINGSOOREENKOMS

**** Inhandiging voor of op Vrydag 27 November 2009 by registeronderwyser**

Ek, Mnr/Me. _____ ouer van _____ (aantal) kinders onderneem om:

- **Inskrywingsgeld** voor of op 13 Januarie 2010 te betaal (geen vrystelling)

  ☐ Kontant te betaal
  ☐ Internet oorbetaling (Verwysing 2010 Naam en Van van oudste kind)

- Maandelikse betaling **onderriggeld** (voor die 7 de van elke maand)

  ☐ Kontant te betaal
  ☐ Internet oorbetaling (Verwysing 2010 Naam en Van van oudste kind)
  ☐ Aftrekorder/Debietorder

- Volle betaling van **onderriggeld** voor of op einde Januarie 2010

  ☐ Ja
  ☐ Nee

- Aansoek om vrystelling:

  ☐ Ja
  ☐ Nee

Indien Ja:

Gesamentlike bruto inkomste R_____ (vir vrystelling berekening)

Handtekening van ouer/voog:_____ Datum: _____